Uit die kantoor van die tussentydse Visekanselier

16 Maart 2004

Beste kollega/student

Dis lekker om weer my (amper maandelikse) e-pos aan u te stuur. Soos gewoonlik, was die afgelope maand glad nie vervelig nie.

- Verskeie belangrike gebeurtenisse en prosesse het die afgelope maand plaasgevind... [Lees meer]
- Die amptelike opening van al vier kampusse was feestelike geleenthede... [Lees meer]
- Die Raadsvergaderings gaan uniek wees... [Lees meer]
- Die Raad het verskeie sake op die agenda... [Lees meer]
- Dit is my indruk tot dusver dat die inligtingsvergaderings met personeel baie positief ervaar is... [Lees meer]

Verskeie belangrike gebeurtenisse en prosesse het die afgelope maand plaasgevind:

- Die Tussentydse Bestuur vergader op 2 Februarie in Mafikeng
- Die Mafikeng- en Mankwekampusse word amptelik geopen vir die jaar op 3 Februarie
- Die eerste Raadsvergadering vind op 12 Februarie plaas
- 'n Ontmoeting met die Minister oor die Vista inkorporering en met die Ministerie oor vordering met die samesmelting vind op 13 Februarie plaas.
- Die nuutverkose Uitvoerende Komitee van die Raad vergader op 19 Februarie.
- Inligtingsvergaderings met personeel op die verskillende kampusse vind plaas op 24-25 Feruarie (PUK-kampus), 1 Maart (VDK-kampus) en 4 Maart (Mafikengkampus). Mankwe kom op 23 Maart aan die beurt.
- Die Tussentydse Bestuur vergader op 2 Maart.
- Die Raad het sy eerste werkswinkel en tweede vergadering gehad op 11 en 12 Maart

Die amptelike openinge van al vier kampusse was feestelike geleenthede

Alhoewel al taamlik lank gelede, wil ek tog een of twee indrukke deurgee. Wat my opgeval het, was die onderliggende opgewondenheid oor en vasberadenheid om die samesmelting te laat werk - op al vier die kampusse. En tweedens die wonderlike verskeidenheid tydens die openingseremonies: Potchefstroom se formaliteit en statigheid, Vaaldriehoek se lekker "vibe", Mafikeng se energie en deelname en Mankwe se "commitment" en gemeenskapsbetrokkenheid. Ek het net weer besef dat daar werklik in die een nuwe universiteit, verskeidenheid is en gaan wees - en dat die goed is en ons sterk kan maak as ons dit binne een visie en oorkoepelende waarderaamwerk kan kanaliseer.

Die Raadsvergaderings gaan uniek wees

Baie is al oor die vergadering gesê in die verskillende inligtingsvergaderings en u sou die raadsnuusbrief kon lees. Laat ek nog net dit sê: die Raadsvergaderings gaan uniek wees en glad nie soos dié van die vorige universiteite nie. Die Raad sal sy eie kultuur en styl moet ontwikkel, asook onderlinge vertroue en samewerking. Daarin sal die bestuur (en die interne lede van die raad) hulle bydrae lewer.

Die verkose Uitvoerende Komitee is gebalanseerd saamgestel en sal goed kan werk. Net om u te herinner, dit lyk só:

- Voorsitter: Litha Nyhonyha
- Ondervoorsitter: Lydia Sebego
- Addisionele lede: Leon Wessels en Johan van Zyl
- Tussentydse Visekanselier: Theuns Eloff
- Tussentydse Adjunkhoof: Ngoato Takalo

Die Raad het verskeie sake op die agenda:

- Die statuut is op 12 Maart 2004 aan die Raad voorgelê en is aanvaar. Dit sal aan die Ministerie deurgegee word vir ondertekening.
- Komitees van die Raad is op 12 Maart bepaal en lede is verkies. Meer daaroor in die raadsnuubrief.
- Die proses om die nuwe kanselier aan te wys is gefinaliseer en sal teen Junie afgehandel wees.
- Die proses om die permanente visie-kanselier aan te wys is bepaal. Die raad het besluit om 'n deursigtige en openbare proses te volg deur advertering en dat die teikendatum vir 'n aanstelling die raadsvergadering in Mei sal wees.
- Die raadswerkswinkel se fokus was om die raadslede almal op dieselfde inligtingsvlak ten opsigte van die samesmelting te bring, om die toesigfunksie van die raad ("governance") te bepaal en te onderskei van bestuur se taak, en om onderlinge vertroue en samewerking te bou.

Dit is my indruk tot dusver dat die inligtingsvergaderings met personeel baie positief ervaar is

Na skatting het amper 1000 personeellede die verskillende sessies bygewoon! Ons oorweeg om dit later vanjaar ten minste een maal te herhaal. Die sake wat na vore gekom het, was wydlopend, maar ek is tevrede dat die Tussentydse Institusionele Bestuur en Kampusbesture reeds aan die meeste (indien nie almal nie) daarvan aandag gee. Hierdie lys lyk soos volg:

> Personeel wil meer inligting hê oor die uitdagings wat voorlê in terme van die permanente aanstellings en ander institusionele prosesse .
> Ander sake waaroor vrae gevra word, is die bestuur en struktuur van fakulteite, navorsing, prestasiebestuur en bevorderings, basiese diensvoorwaardes en veral mediese fondslidmaatskap (laasgenoemde veral op die Mafikengkampus).
> Spesifieke kampusbehoeftes, veral met betrekking tot infrastruktuur en personeel, is ook geopper.

Ek was persoonlik bly om op grondvlak met alle personeel kontak te hê en eerstehands te hoor wat die sake is wat pla. My indruk is dat as ons die basiese dinge reg kan doen (soos diensvoorwaardes en medies) ons nog sterker op die kernbesigheid sal kan konsentreer. Die verskillende bestuurstaakspanne werk hard aan juis hierdie en ander sake.

Ek sal in April weer aan u skryf, met 'n bietjie meer detail oor wat gebeur het by die pas afgelope Raadswerkswinkel en wat vir die res van die jaar voorlê.

Ek dink dis belangrik om te sê dat ons samesmelting allerweë as die mees effektiewe (en definitief die vinnigste!) beskou word. Ons wil hierdie momentum behou en wil daarom baie dankie sê vir alle personeel wat, ten spyte van 'n mate van onsekerheid wat u mag aanvaar, tog alles insit om ons kernbesigheid op 'n hoë vlak te hou. Een van hierdie dae sal dinge weer normaal wees - of ten minste so normaal as wat 'n mens in die een-en-twintigste eeu in Suid-Afrika kan wees!

Byt saam met my en die res van die bestuur vas tot dan... en baie dankie vir die pad wat ons reeds saam kon loop. Ek kan oral met trots praat oor die vasberadenheid en "commitment" van die Noordwes-personeel!

Groete

Theuns Eloff
Tussentydse Visekanselier